VENSTER VAN DIE LEWE

2019

DERDE KWARTAAL

Oop venster op… suksesvol of betekenisvol

WEEK 2: 5-11 Augustus 2019

Jeremia 29:1-14.

Inleiding.

"Venster van die lewe !" is ons tema vir 2019. Gedurende die maand van Augustus staan ons stil by die temas van "Dowwe vensters".

Dié week kyk ons na hoe om van dowwe na helder – hooploos na hoopvol te kan beweeg. Ons leef in 'n tyd en land waar dit tans nie altyd gemaklik gaan nie en mense allerhande vrae vra van hoe om te oorleef, hoe om na onsself te kyk en wat sê God aan ons in die omstandighede.

God se volk is in die jaar 600 vC in dieselfde posisie. Hul is in ballingskap, hul kerk in Jerusalem afgebreek, hul eie menswaardigheid vertrap en hul bestaan voel vir hul uitsigloos. Hul wonder ook of hul moet rebelleer, wegtrek, terugtrek en of hul maar net moet agteroor sit, niks doen en moedeloos bly kla. Aan hulle (en ons) het God deur die profeet Jeremia 'n spesifieke boodskap.

Vraag 1. Lees die skrifgedeelte en vertel mekaar wat jou uit die gedeelte opval en hoekom?.....

.....

Vraag 2. Vertel mekaar hoe julle dink die lewe in ballingskap vir die volk van Juda moes gelyk en gewees het?…….....

.....

Vraag 3. Bespreek – wat is die ooreenkomste met gelowiges se lewe in Suid-Afrika vandag?

…….....

.....

Vraag 4. Hoe stel God Hom aan Sy kinders bekend in die gedeelte (begin van v4, v8, v10) en wat beteken die bekendstelling vir hulle en vir ons vandag?.....

.....

.....

Vraag 5. God kom bemoedig hulle met ‘n verskeidenheid van beloftes. Wat sê elkeen van die verse (beloftes) vir hulle en vir ons?

a. Vers 10 en 14. .....

b. Vers 11. .....

c. Vers 12. .....

Vraag 6. God sê ook vir hulle wat hulself moet doen - wat nie rebelleer, wegtrek of in sak en as sit is nie. Wat is die opdragte?

a. Vers 5 en 6. .....

b. Vers 7a. .....

c. Vers 7 b. .....

Vraag 7. Wat sê God in bogenoemde oor hoe ons ons situasie in Suid-Afrika moet hanteer?

.....

.....

Slot. Die mooi van die gedeelte is dit wat verskeie vertalings in vers 7 noem, nl. dat wanneer ons ons kant bring en ons deel doen sodat dit goed sal/kan gaan met die land en plek waar ons is – dan sal dit met ons ook goed gaan. En dit is God se opdrag – nie rebelleer, vlug, terugtrek nie maar hou vas en vertrou God en doen jou deel. Maklik – Nee!!. Ons verantwoordelikheid - Ja!!

Baie seën.

Ds Marius Cornelissen